

## BALANSSTAAT

*Studente en personeel van die Departement Rekeningkunde balanseer onderrigresultate toenemend met prestasies op die gebied van navorsing.*

In 2003 het 'n totaal van 1665 studente ingeskryf vir die Departement se eerstejaarskursusse in Finansiële Rekeningkunde, terwyl 1057 vir tweedejaarskursusse en 851 studente vir derdejaarskursusse in dié vak ingeskryf het. Finansiële Rekeningkunde bied 'n goeie aanduiding van studentegetalle aangesien alle studente wat voorgraadse graadprogramme van die Departement volg, die vak tot op derdejaarsvlak moet neem. Finansiële Rekeningkunde vorm ook in sekere jaargange deel van graadprogramme van ander departemente.

Wat nagraadse kursusse betref, is die grootste konsentrasie van studente steeds die groep wat HonsBRek en die Nagraadse Diploma in Rekeningkunde volg. In 2003 het 'n totaal van 140 studente vir een van dié twee kursusse ingeskryf. Die studente wat die kursusse in 2002 voltooi het en in 2003 Deel I van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad se Kwalifiserende Eksamen afgelê het, het weer eens een van die beste slaagsyfers in die land behaal. Gretha van Niekerk, die topstudent uit 2002 se HonsBRek-groep, het die tweede beste prestasie landswyd behaal. Die lokaal waarin die meerderheid van nagraadse kursusse in die Departement aangebied word, lokaal 1010 van die Van der Sterr-gebou, is onlangs opgegradeer om voorsiening te maak vir tegnologiese verbeteringe en groter studentegetalle. Die lokaal kan nou 295 studente gemaklik huisves.

Soos op bladsy 2 berig word, het daar hierdie jaar nege nuwe personelede en die gebruiklike twee akademiese klerke by die Departement aangesluit, wat die totale personeel op 45 te staan bring. Hiervan is 38 akademiese personeel. Die gesonde groei in personeelgetalle maak dit vir die

akademiese personeel moontlik om, afgesien van die onderrigtaak, hulself toenemend op navorsing toe te spits. Hierdie uitgawe van *Reknuus* bevat op bladsy 8 tot 11 'n opsomming van verskeie van die onlangse navorsingsuitsette deur personeel van die Departement. In 'n verdere poging om navorsing in die Departement uit te bou, is prof Dave Lubbe van die Universiteit van die Vrystaat onlangs as Buitengewone Professor aangestel. Prof Lubbe het 'n besonder indrukwekkende navorsingsrekord. Sy groot aantal vakverwante publikasies is veral noemenswaardig wanneer 'n mens in ag neem dat hy ook verskeie gedigte in geakkrediteerde tydskrifte agter sy naam het, sowel as meerdere uitsonderlike prestasies op sportgebied.


### **Twee studente verwerf erekleure**

Twee studente van die Departement Rekeningkunde wat in 2001 hulle eerste graad en in 2002 hulle honneursgraad voltooi het, het erekleure ontvang. Albei is in 2003 voltyds in die Departement werksaam.

Gretha van Niekerk het in 2001 die BRek-graad voltooi en is in 2002 as topstudent van die HonsBRek-groep aangewys. Sy het reeds 'n opleidingskontrak by die Paarl-kantoor van PricewaterhouseCoopers aanvaar, maar voltooi in 2003 eers een jaar se akademiese klerkskap in die Departement. Gretha het in 2003 die eerste deel van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad (OROR) se kwalifiserende eksamen afgelê en soos langsaan berig, het sy die tweede hoogste punt landswyd behaal.

Carol Dale Kuys het in 2001 die BComm (Bestuursrekeningkunde)-graad voltooi en in 2002 die graad HonsBComm (Bestuursrekeningkunde) behaal. Sy doseer tans Inligtingstelsels in die Departement. Carol het in 2003 die Chartered Institute of Management Accountants (CIMA) se finale eksamens geslaag.

## NUWE PERSONEEL



**Mnr Roelof Baard** het vir twee jaar by die Departement gewerk en is daarna vir twee jaar na Brittanje waar hy 'n Bestuursrekenmeester by die London School of Economics was. Hy is in 2003 weer by die Departement as tydelike dosent aangestel.




**Me Carol Dale Kuys** is in Januarie 2003 as tydelike dosent in Inligtingstelsels aangestel. Op die voorblad van hierdie uitgawe van *Reknuus* word berig dat sy in 2002 erekleure aan die Universiteit verwerf het.



**Mnr Robert de Jongh** het in 2000 een jaar se akademiese klerkskap by die Departement voltooi. Hy het die oorblywende twee jaar van sy klerkskap by PwC voltooi, waarna hy hom in 2003 as tydelike dosent weer by die Departement aangesluit het.



**Me Welma Fourie** is aangestel as senior lektor. Sy was voorheen 'n dosent by die Universiteit van Natal, en doseer tans Finansiële Rekeningkunde.



**Me Joline Nel** het voorheen by Ernst & Young (in SA en die VSA) en by Tellumat gewerk, en was ook 'n dosent aan die Universiteit van Kaapstad. Sedert April 2003 doseer sy hier Ouditkunde.



**Me Henriette Scholtz** is in Mei aangestel en doseer Ouditkunde. Sy was eers Hoofbestuurder, Interne Oudit by Absa en daarna Belasting- en Finansiële bestuurder by Absa Privaatbank.




**Me Aletta Slabbert** het in die verkoopsafdeling van Massamatic gewerk voordat sy in November 2002 as administratiewe beampte by die Departement Rekeningkunde aangestel is.



**Me Madeleine Smit** is vanaf Maart 2003 aangestel as dosent in Belasting. Sy was 'n belastingadviseur by Sanlam voordat sy haar by die Departement aangesluit het.



**Me Lydia Uys** doseer Finansiële Rekeningkunde en Inligtingstelsels. Sy was voorheen Finansiële bestuurder van Sporting Frontiers South Africa en Limtech Biometric Solutions.



**Me Marna Steyn en me Gretha van Niekerk** het beide in 2002 die graad HonsBRek behaal, en voltooi tans een jaar se akademiese klerkskap. Hulle is veral betrokke by die administrasie van die Departement se nuut-ingestelde tutoriaaltoetsstelsel, wat daarop gemik is om studente aan te moedig om onderwerpe wat in die onderskeie vakke behandel word, deurlopend te bemeester en vroegtydig enige leemtes in kennis uit te wys. Marna en Gretha was die eerste lede van die Departement wat 'n addisionele vloer van die Van der Sterr-gebou betrek het – die stygende personeelgetalle het onlangs uitbreiding na kantore op die derde vloer noodsaak.

# CIMA-Kongres

Die Universiteit van Stellenbosch en by name die Departement Rekeningkunde is by die *Chartered Institute of Management Accountants (CIMA)* geakkrediteer. Kursusse wat alhier as deel van die BComm en HonsBComm in Bestuursrekeningkunde aangebied word, dien ter vrystelling van die eerste twee van die drie CIMA-eksamenmodules. Dit is die maksimum vrystelling wat verkry kan word. Daarbenewens berei die HonsBComm (Bestuursrekeningkunde) die kandidate voor vir die vier vraestelle van die derde en finale module van die CIMA-eksamen.

CIMA bied elke twee jaar 'n kongres aan vir dosente van geakkrediteerde instellings wêreldwyd. Prof Willie de Jager het die voorreg gehad om die Departement en Universiteit by die *CIMA First Lecturers' Conference 2002* te verteenwoordig. Hierdie kongres is gedurende Desember in die Engelse platteland gehou.

Aangesien die CIMA-kwalifikasie veral in Brittanje baie gesog is, was daar 'n groot aantal Britse instellings by die kongres verteenwoordig. Daar was egter ook heelwat verteenwoordigers vanuit ander lande, wat dit 'n ware internasionale atmosfeer gegee het.

Eksaminatore en andere betrokke by die samestelling van die betrokke kursusse het terugvoering oor afgelope eksamens en vooruitskouings vir die volgende jaar of twee gegee. Daar is egter ook aandag gegee aan die wyse waarop CIMA beoog om, veral ten opsigte van internasionale aspekte, studente so voor te berei sodat hulle die eise van 'n vinnig veranderende wêreld die hoof kan bied.

Alhoewel dit nat en koud en die dae kort was, sê prof De Jager dat hy dit geniet en die ervaring baie leersaam gevind het. Sover hy kon vasstel, was die Universiteit een van die minderheid inrigtings wat daar verteenwoordig was, wat CIMA-opleiding tot op die hoogste vlak gee en waarskynlik een van die weiniges wat dit in 'n vierjaar-akademiese program insluit.

Volgens hom kan die Universiteit met reg trots wees op die wyse waarop Stellenbosch by CIMA-opleiding betrokke is. Aangesien die CIMA-kwalifikasie in Brittanje so gesog is, kan dit ook deure oopmaak vir Suid-Afrikaanse studente wat beoog om, na afloop van hul studies alhier, in die buiteland te gaan werk.

*Prof Willie de Jager doseer Bestuursrekeningkunde in die Departement, en is onder andere verantwoordelik vir onderrig in Finansiële Strategie as deel van die HonsBComm (Bestuursrekeningkunde)-kursus.*

## NAME

Jay Henning

## POSITION

Trainee-accountant

## VENUE

Kleine Zalze Wines Estate  
Stellenbosch

## OCCASION

Year end Function

## VAN DER AHEE

INGELYF · INCORPORATED

(chartered accountants)

Spot the difference.

No 8 Oewer Park Offices DIE BOORD Stellenbosch  
Tel: 021 887101 · Email: [Info@vda.co.za](mailto:Info@vda.co.za)



Contact us for your future memories.



# PRYSUITDELING 2002

**Sedert die vorige uitgawe van *Reknuus* het die 2002- en 2003-departementele prysuitdelings plaasgevind. Beide is oudergewoonte deur KPMG Geoktrooieerde Rekenmeesters geborg.**

Hieronder en op bladsy 5 volg die besonderhede van die prysuitdeling vir die toppresterders van 2001 wat op 21 Mei 2002 in die Konservatorium van die Universiteit van Stellenbosch plaasgevind het. Mnr Ben Durandt van KPMG se Kaapstadse kantoor was die gasspreker by die geleentheid. Die 2003-prysuitdeling se besonderhede verskyn op bladsye 5 en 6.

**Pryse van die 'Association of Chartered Certified Accountants' (ACCA):** Mnr George Nel het aan mnr S Robson die prys oorhandig vir die beste tweedejaar BComm-student in Finansiële Rekeningkunde. Hy het ook pryse oorhandig vir die beste derdejaar BComm-student in Finansiële Rekeningkunde en die beste student in HonsBComm (Finansiële Rekeningkunde), wat onderskeidelik deur me JD Pope en me I van Velze verwerf is.

**Butterworths-pryse:** Twee boekpryse is deur me Syntyché de Waal aan verdienstelike BRek-studente, me M van Eeden en mnr RHA Sturm, oorhandig.

**Distell-prys:** Me JD Pope het by mnr Benny Howard die prys ontvang vir die derdejaar BComm-student wat die beste in Finansiële Rekeningkunde was.

**PricewaterhouseCoopers-pryse:** Ses pryse is deur mnr Hennie Nel oorhandig. Me KC Bester was die beste tweedejaar BRek-student in Ouditkunde. Me SM Bock het twee pryse ontvang – sy was die beste derdejaar BRek-student in Ouditkunde en die naasbeste derdejaar BRek-student. Die beste derdejaar BRek-student was me G van Niekerk, terwyl mnr NW Hanekom aangewys is as die beste HonsBRek-student. Mnr J Silvis het die toekenning ontvang vir die beste Hons BRek-student in Bestuursrekeningkunde.

**Sanlam-prys:** Mnr Johan Bester van Sanlam het by die prysuitdeling aan me JD Pope die prys oorhandig vir die beste derdejaar BComm-student in Rekeningkundige vakke.

**Pryse van die Instituut van Kommersiële en Finansiële Rekenmeesters van Suider-Afrika (CFA):** Me LM Weyer was die beste eerstejaar BComm-student in Finansiële Rekeningkunde en me C Schreuder die beste derdejaar BComm Kommersiële Rekeningkunde-student. Die pryse is deur mnr Gordon Webb oorhandig.

**Deloitte & Touche-pryse:** Twee tweedejaar BRek-studente het by mnr Ramsay McDonald pryse ontvang vir prestasie en leierskap. Hulle was mnr A van Zyl en mnr HJR de Jongh.

**Ernst & Young-prys:** Me Jane Fitton van Ernst & Young het aan mnr C Strauss die prys oorhandig vir die beste vordering in Finansiële Rekeningkunde II deur 'n BRek-student.

**Greenwoods-prys:** Me G van Niekerk was die beste derdejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde. Sy het die prys by mnr Oscar de Vries ontvang.

**Jacobs & Vennote-prys:** Mnr Johan Jacobs het 'n prys oorhandig aan mnr N Samsodien, die NDR-student wat die naasbeste vordering getoon het.

**KPMG-pryse:** Die beste eerstejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde was me L Roelofse, en die beste HonsBRek-student in Finansiële Rekeningkunde was mnr NW Hanekom. Beide hierdie pryse is deur mnr Mike Blomkamp namens die borg, KPMG, oorhandig.

**Pryse van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR):** Mnr NW Hanekom het al drie SAIGR-pryse ontvang. Mnr Peter Meredith het aan hom die prys vir die beste HonsBRek-student in Belasting, Ouditkunde en Finansiële Rekeningkunde oorhandig.

**Van der Ahee Ingelyf-pryse:** Mnr Hugo van der Ahee het by die 2002-prysuitdeling die merieteprys vir verdienstelike akademiese prestasie aan 'n eerstejaar BRek-student, mnr HG Smit, oorhandig. Die tweedejaar BRek-student wat die Van der Ahee-merieteprys vir verdienstelike akademiese prestasie ontvang het, was mnr HJR de Jongh.




**Hierdie bladsy is geborg deur  
Rademeyer Wesson**

**Rademeyer Wesson-prys:** Mnr Retief Rademeyer het by die 2002-prysuitdeling aan mnr CD Fokker die prys oorhandig vir die beste tweedejaar BRek-student in Bestuursrekeningkunde.

**Loubser & Du Plessis-pryse:** Prof Willie Boshoff het die prys vir die tweede beste HonsBRek-student (algeheel) aan me M Scriven, en die prys vir die beste eerstejaar BRek-student aan me SH Wessels oorhandig.

**Pieter Aucamp Ingelyf-prys:** Mnr Pieter Aucamp het aan mnr JM Louw die prys oorhandig vir die NDR-student wat die beste vordering toon.



*Sanlam het in 2002 die borgskap van twee pryse by Arthur Andersen oorgeneem. Die pryse is onderskeidelik vir die beste tweedejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde en vir die beste tweedejaar BRek-student (algeheel). Mnr Flip Rademeyer het op 25 Junie 2002 by 'n geselligheid in Sanlam se hoofkantoor beide pryse aan Karin Bester oorhandig. Op die foto is, van links na regs, Karin Bester, mnr Johan Bester en mnr Flip Rademeyer.*

**Wil uself of iemand wat u ken, toekomstige kopieë van Reknuus in die pos ontvang? Stuur asseblief u naam en adres na [sbeker@sun.ac.za](mailto:sbeker@sun.ac.za) of skakel (021) 808-3085. 'n Elektroniese kopie van Reknuus is op die Departement se webwerf beskikbaar: [www.sun.ac.za/accounting](http://www.sun.ac.za/accounting)**

## PRYSUITDELING 2003

*Die prysuitdeling vir toppresteerders van die 2002-akademiese jaar het op 21 Mei 2003 plaasgevind.*

<b>ACCA-pryse</b> (oorhandig deur mnr S Burdett) Beste tweedejaar BComm-student in Finansiële Rekeningkunde Beste derdejaarstudent in BComm (Finansiële Rekeningkunde) Beste student in HonsBComm (Finansiële Rekeningkunde)	Me LM Weyer Me A Niemand Me M de Rijk
<b>Butterworths-pryse</b> (oorhandig deur me S de Waal) Twee boekpryse aan verdienstelike BRek-studente	Me MB le Roux Me KDG Fortuin
<b>CA Support-pryse: BGR-ouditeure</b> (oorhandig deur mnr DG de Villiers) Twee pryse aan NDR-studente wat die beste vordering toon	Me T Coffee Mnr D Nel
<b>CFA-pryse</b> (oorhandig deur prof P Olivier) Beste eerstejaar BComm-student in Finansiële Rekeningkunde Beste derdejaar BComm Kommersiële Rekeningkunde-student	Me M du Plessis Me M le Roux
<b>Deloitte &amp; Touche-pryse</b> (oorhandig deur mnr R McDonald) Twee tweedejaar BRek-studente – prestasie en leierskap	Me JE Strauss Mnr M Murray
<b>Distell-prys</b> Beste derdejaar BComm-student in Finansiële Rekeningkunde	Me A Niemand
<b>Ernst &amp; Young-prys</b> (oorhandig deur me J Fitton) Beste vordering in Finansiële Rekeningkunde II deur 'n BRek-student	Mnr A Koen

<b>Greenwoods-prys</b> (oorhandig deur mnr A Nardone) Beste derdejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde	Mnr GP du Randt
<b>KPMG-pryse</b> (oorhandig deur mnr E Belstead) Beste eerstejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde Beste HonsBRek-student in Finansiële Rekeningkunde	Me JE van Wyk Me G van Niekerk
<b>Loubser &amp; Du Plessis-pryse</b> (oorhandig deur mnr P Bestbier) Tweede beste HonsBRek-student (algeheel) Beste eerstejaar BRek-student	Mnr E Fivaz Me N Prozesky
<b>Pastel Software-prys</b> (oorhandig deur mnr S Cohen) Beste student in Inligtingstelsels	Mnr J van Tiddens
<b>PricewaterhouseCoopers-pryse</b> (oorhandig deur mnr H Nel) Beste tweedejaar BRek-student in Ouditkunde Beste derdejaar BRek-student in Ouditkunde Naasbeste derdejaar BRek-student Beste derdejaar BRek-student Beste HonsBRek-student	Me M van Eeden Me S Sykes Me KC Bester Me Z Roediger Me G van Niekerk
<b>Rademeyer Wesson-prys</b> (oorhandig deur mnr R Rademeyer) Beste tweedejaar BRek-student in Bestuursrekeningkunde	Me L du Plessis
<b>Roux van der Poel-merietebeurse</b> (oorhandig deur mnr H Nel) Die volgende HonsBRek-studente het merietebeurse ontvang: me KC Bester, mnr HJR de Jongh, mnr M Everts, mnr PD Olivier, me A Steenkamp, me SS Swanepoel, mnr J van Tiddens	
<b>Sanlam-pryse</b> (oorhandig deur mnr J Bester) Beste derdejaar BComm-student in Rekeningkundige vakke Beste tweedejaar BRek-student Beste tweedejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde	Me A Niemand Me L du Plessis Me L du Plessis
<b>SAIGR-pryse</b> (oorhandig deur mnr P Meredith) Beste HonsBRek-student in Belasting Beste HonsBRek-student in Ouditkunde Beste HonsBRek-student in Finansiële Rekeningkunde Beste HonsBRek-student in Bestuursrekeningkunde	Me G van Niekerk Me G van Niekerk Me G van Niekerk Me G van Niekerk



*Links is 'n foto van ses van die ontvangers van Roux van der Poel-merietebeurse in 2003. Van links na regs is me KC Bester, mnr M Everts, me SS Swanepoel, mnr HJR de Jongh, me A Steenkamp en mnr J van Tiddens. Heel regs staan mnr H Nel van PwC wat die toekennings oorhandig het.*

*Foto's van die prysuitdeling is geneem deur mnr Colin Elliott*

Die redaksie van *Reknuus* bedank die volgende persone vir hulle bydrae tot hierdie uitgawe: me Theodorah Modise en die ACCA, me Ronél van der Ahee en Van der Ahee Ingelyf, die vennote en personeel van Rademeyer Wesson, en me Elba Tredoux en die vennote en personeel van PricewaterhouseCoopers wat die publikasie moontlik gemaak het deur middel van hulle borgskappe; me Annelise Durand, me Celeste Links, me Aletta Slabbert en me Janice Vrijburg vir inligting en administratiewe bystand; me Suritha Swanepoel en mnr Norman Dunn van die US Drukkery; mnr Colin Elliott vir foto's; me Joan Steel vir proeflees; prof Willie de Jager vir sy berig; mnr George Nel vir hulp met borgskappe; alle personelede wat inligting oor hulle navorsing verskaf het; en prof Pierre Olivier in sy hoedanigheid as Departementele Voorsitter. Die redaksielede is me Shelley-Anne Bekker, me Welma Fourie, me Lydia Uys en me Annali Painter. Enige kommentaar kan aan [sbeker@sun.ac.za](mailto:sbeker@sun.ac.za) gestuur word.

***Instansies wat belang stel om in die toekoms by borgskap van die publikasie betrokke te raak, kan Annali Painter kontak by [apaint@sun.ac.za](mailto:apaint@sun.ac.za) of (021) 808-3429.***

**AKADEMIE ALLEEN NIE  
VOLDOENDE**

Kennis en kundigheid is belangrike vereistes om tred te hou met die uitdagende besigheidswêreld van vandag. Alhoewel hierdie elemente nooit ondergeskik sal wees nie, verg dit ook addisionele vaardighede soos deursettingsvermoë, visie, kreatiwiteit en 'n onblusbare passie vir die lewe.

By PricewaterhouseCoopers, wêreldleiers op die gebied van professionele dienslewering, word gevind dat juis hierdie veelsydighede tot sukses in die besigheidswêreld bydra. Dit is dus nie 'n verrassing dat 'n kombinasie van hierdie kwaliteite, en selfs meer, 'n belangrike rol in werwings- en keuringsaksies speel nie, asook in die ontwikkelingsprogramme wat vir personeel aangebied word om hul te slyp vir hul toekomstige rol as leiers in Suid-Afrika.

Hier val die kollig op 'n paar van PricewaterhouseCoopers se beurshouers aan die Universiteit van Stellenbosch, wat hulself reeds op verskeie gebiede onderskei het. Ongelukkig is die ruimte te beperk om aan al die beurshouers wat presteer, hier erkenning te gee.

➤ **Georg Beckert** – Huidige Voorsitter van die Studenteraad en vorige voorsitter van AIESEC. Georg was ook onlangs deel van 'n groep van 7 US-studente wat diversiteitsbestuur by 'n paar Amerikaanse universiteite gaan bestudeer het.

➤ **Gretha van Niekerk** – Verwerf die **2de algehele posisie in die land in Deel 1** van die Kwalifiserende Eksamen in 2003! Voorwaar voortreflik en 'n groot pluim in die hoed van die Departement Rekeningkunde, waar sy tans akademiese klerkskap doen. Wel gedaan, Gretha!

➤ **Oupa (Phillip) Mokoti** – Oupa is 'n beurshouer van die Pietersburg-kantoor van die firma en die eerste swart lid van die Studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch.

➤ **Craig Ceasar** – Craig onderskei homself nie net op akademiese gebied nie, maar is ook 'n sportman uit eie reg. Craig speel hokkie vir die WP O.21-span.

➤ **Lourens du Plessis** – Lourens was reeds van vroeg betrokke by aktiwiteite op Kampus en is tans Nuusredakteur van Die Matie. Hy was ook deel van die groep wat onlangs na Amerika gereis het om diversiteitsbestuur by 'n paar universiteite te gaan bestudeer.

Dus: Die hoekstene vir 'n suksesvolle loopbaan in die voortdurend veranderende omgewing van besigheid – Veelsydigheid!


**Prof Anderson  
tree af**

Die Departement het gedurende 2002 moeilik afskeid geneem van drie gewaardeerde kollegas.

Prof Geoff Anderson wie se naam hier sinoniem met Ouditkunde was, het met ingang 31 Januarie 2003 afgetree. Die Departement het hom by 'n spesiale geselligheid op die Kanu-landgoed vir sy waardevolle diens bedank.

Me Liza Jacobs, 'n senior lektor in Bestuursrekeningkunde wat in 1988 by die Departement aangesluit het, het met ingang 1 Januarie 2003 bedank om na Upington te verhuis.

Verder het Maryke van der Merwe haar pos as administratiewe beampte verlaat.



*Agter is Craig Ceasar links en Georg Beckert regs. Voor sit, van links na regs, Oupa Mokoti, Gretha van Niekerk en Lourens du Plessis.*

**DOKTORSGRAAD VERWERF**

Dr Leon Swanepoel het in Maart 2002 'n PhD verwerf. Sy proefskrif is getiteld 'n Gestruktureerde, regsgefundeerde metodologie vir die inkomste/kapitaalriglyne en verwante subjektiwiteitsvraagstukke vir die Suid-Afrikaanse Inkomste-belastingwetgewing'. Prof JA Matthee het as promotor opgetree. Dr Swanepoel is 'n direkteur by PricewaterhouseCoopers in Kaapstad.

**✉ Hou Reknus aseblief op hoogte van enige verandering in u posadres deur 'n boodskap te stuur na [sbekker@sun.ac.za](mailto:sbekker@sun.ac.za), of skakel (021) 808-3085.**

# NAVORSING DEUR PERSONEEL



**Prof Nicolene Wesson** het 'n artikel in Vol. 10, 2002 van *Meditari Accountancy Research* gepubliseer. Die artikel is 'Die effek van die internet op die inwonerbeginsel, soos gedefinieer in Inkomstebelastingwet Nr. 58 van 1962'.

Suid-Afrika het met die aanvaarding van die inwonerbeginsel by internasionale praktyke ingeskakel. Alhoewel die inwonerbeginsel in die Internet-omgewing meer sekerheid as die bronbeginsel verskaf, blyk dit egter dat die inwonerbeginsel nie 'n effektiewe beginsel vir die heffing van belasting in die Internetomgewing is nie. Dit is veral die begrip "plek van effektiewe bestuur" wat herinterpretasie en/of aanpassings in die Internetomgewing benodig.

Herinterpretasie van en/of aanpassings aan belastingbeginsels moet gekoördineerd en onder leiding van die *OECD* aangespreek word. Die begrip "permanente saak" sal ook internasionaal aangespreek moet word. Suid-Afrika sal egter moet toesien dat besluite wat internasionale toepassing het en wat lande met gesofistikeerde en ontwikkelde ekonomieë bevoordeel, nie die bestaande Suid-Afrikaanse belastingbasis benadeel nie. Die

toenemende gebruik van die Internet noodsaak inderdaad die herinterpretasie en/of aanpassing van bestaande inkomstebelastingbeginsels ten einde 'n billike verdeling van belastinginkomste tussen lande te bewerkstellig.

**Mr George Nel** conducted research on project accounting.

Firms generally store cost information in accounting information systems – systems designed, however, to meet the financial reporting needs of accountants. Project managers use only a portion of such information. Some sort of interface, between the accounting department and the project office is therefore needed – the project accounting function.

In practice the project accounting function would either be absorbed between the project manager and the accounting department or a dedicated project accountant would be appointed. In an article published in the October /November 2002 edition of *ProjectPro*, George Nel and Prof Chris Brown (US Graduate School of Business) concluded that the appointment of a dedicated project accountant would normally render the better results. A job description for the project accountant was suggested. Companies considering the appointment of a dedicated project accountant will have to deal with the following:

- In smaller and less complex projects it will not be feasible to

appoint a separate project accountant.

- Neither project management nor accounting textbooks fully define or describe the responsibilities of the project accountant.

- Given the diversity of projects it would be difficult to prepare a generic list of responsibilities for all project accountants.

- The absence of a recognised qualification and training program for project accountants, such as those for Chartered Accountants and Management Accountants.

Research is currently undertaken with the primary goal to establish whether companies actually employ project accountants as part of their project teams and if not, the reasons therefore. Secondary goals will be to determine where the respective responsibilities are vested, if not within a dedicated project accountant, to establish the determinants for the employment of dedicated project accountants.



'n Aantal personeellede het in 2002 'n kursus in navorsingskryfwyses gevolg. Die kursus is deur me Jeannette Groenewald, Navorsings- en skryfadviseur in die US Departement Publiekreg, aangebied. Die hoofdoel was om leiding te bied vir die skryf van artikels of studievoorstelle. Na aanleiding van die sukses, is die kursus weer in 2003 aangebied.

**Prof PL Wessels**

published a peer-reviewed article in the *South African Journal of Information Management*, Vol. 5(2) of June 2003. The article is entitled 'Justifying the investment in information systems'.

The environment in which organisations operate has changed dramatically over the last few years. Increased competition, globalisation, the influence of the Internet and international events affect the performance and survival of organisations on a world-wide scale. The Internet is changing the way organisations do business, from the acquisition and servicing of customers through to the management of their relations with suppliers. This is not only revolutionising the way people access information, the way people communicate, shop and entertain themselves but also the way organisations compete and operate. With the extensive use of and familiarity with the Internet, a trend has developed where organisations are moving their information systems to 'web-centered' information systems. A web-centered information system inter-relates all the different information systems in an organisation using web-based technologies and interfaces. Organisations also utilise the Internet to provide innovative products and services electronically. Users in organisations are demanding that the information systems used by the organisation should become more efficient and effective. Therefore organisations are forced to

invest heavily in the deployment of information systems to obtain value and benefit and to stay competitive in this new environment. According to the Gartner Group (2002), worldwide spending on information communication technology alone totalled over \$2,7 trillion in 2001 with estimated wastage of 20% of corporate IT budgets on purchases failing to achieve their objectives. Although information systems expenditure is regarded as costly and risky many information systems investments appear to go ahead without the use of formal investment appraisal and risk management techniques. However, tougher economic times are forcing businesses to treat IT investments like other fixed investments that are driven by sound business considerations and not hype. The old argument that information systems are strategically important to stay 'in business' and that it is therefore not necessary to formally justify the investment in information systems, is being questioned. In a business environment where senior managers and decision makers are held more and more accountable to the shareholders for their investment decisions, the need exists for using generally accepted techniques and methods to justify the investment decisions. The article briefly discusses some relevant issues regarding the decision to invest in information systems, dealing specifically with methods and ways that organisations currently

employ in justifying their investment in information systems.

An electronic version of this article is available at <http://general.rau.ac.za/infosci/raujournal>



**Ms Adelle Wiese's** article 'Treating the credit difference that arises from an acquisition as negative goodwill' was published in Vol. 10, 2002 of *Meditari Accountancy Research*.

The treatment of the credit difference that arises from an acquisition took a step in a new direction in South Africa with the adoption of a new accounting standard, namely AC 131, which is based on the international standard IAS 22. It is now called negative goodwill. According to the rules contained in AC 131, it is to be classified as a negative asset and recognised as income.

The research on which the paper is based, was undertaken to examine the nature of negative goodwill against the background of the international accounting practices regarding the treatment of negative goodwill. At present these practices differ significantly and the differences represent obstacles to international harmonisation. The paper critically evaluates the various treatments and recommends a preferred accounting treatment.

**Prof Pierre Olivier**, chairman of the Department of Accountancy, and Prof NJ le Roux of the US Department of Statistics and Actuarial Science, co-wrote an article entitled 'Biplots for displaying multidimensional financial performance data graphically'. Invariably financial performance of an enterprise is not judged on a single criterion but is described in terms of various related financial performance indicators. Financial decision makers are thus typically confronted with multidimensional data. The paper demonstrates to financial managers several uses of biplots for displaying multidimensional data graphically. It is shown that biplots not only serve in understanding multidimensional data better but also might reveal features of such data not perceptible by graphing each variable on its own.

Two different types of biplots are discussed: One for describing variation in multidimensional data and the other for separating different groups optimally. The first of these types of biplots is applied to a data set originating in risk management and the second to a data set where, on the basis of various financial ratio indicators, the aim is to separate enterprises in danger of financial failure within a year from those not in such danger. In the latter example a distinction is also made between companies classified as manufacturing enterprises and those classified as trading enterprises.

**Prof Pieter von Wielligh** doen navorsing oor audit-

aspekte van Suid-Afrikaanse langtermynversekeringsmaatskappye. Hy is tans besig met 'n artikel oor areas in die finansiële state van genoteerde langtermynversekeraars wat potensieel aan 'n baie hoë vlak van inherente risiko blootgestel is. Hy het die afgelope jaar drie referate gelewer, naamlik:

- By die Suid-Afrikaanse Rekeningkundige Vereniging (SARV) se Internasionale Kongres in Port Elizabeth in Junie 2002, as mede-skrywer van 'n referaat oor die rekeningkundige en ander implikasies van die gewysigde standpunt oor aftreevoordele (RE116).

- By 'n mini-kongres van die SARV, as mede-skrywer oor dieselfde onderwerp hierbo genoem.

- By die Southern African Finance Association se konferensie in Januarie 2003. Dit het gehandel oor vergelykbaarheid, relevansie en verstaanbaarheid van finansiële verslagdoening deur genoteerde Suid-Afrikaanse langtermynversekeraars. Hy is mede-skrywer van:

- 'n Artikel wat handel oor die praktiese rekeningkundige en ander implikasies van die gewysigde standpunt oor aftreevoordele (RE116), wat in die Junie 2002-uitgawe van *Accountancy SA* verskyn het.

- 'n Artikel oor die betroubaarheid van geouditeerde kontantvloei-state, wat hy saam met me Wilna Steyn van ons departement geskryf het. Die artikel het in die Mei 2003-uitgawe van *Accountancy SA* verskyn. Voorts verskaf hy studie-leiding aan:


- 'n Magisterstudent wat gehaltebeheer in die ou-

ditprofessie ondersoek as element om die regspraakspreeklikheid van die ouditeur in die Suid-Afrikaanse omgewing te bekamp.

- 'n Magisterstudent wat "Benchmarking in the South African Long Term Assurance Industry" ondersoek.

- 'n Magisterstudent wat beoog om aspekte van finansiële verslagdoening deur genoteerde Suid-Afrikaanse langtermynversekeraars te ondersoek.

- 'n Voornemende Magisterstudent wat beoog om onafhanklikheid in die auditprofessie in Suid-Afrika te ondersoek.



#### **Ms Ellané van Wyk**

received a Masters degree in Taxation in April 2003 for research on taxation of dividends and the effects of section 9E. The study examined the complex issues contained in section 9E of the Income Tax Act. Certain actual mechanics of the section may confuse shareholders, causing them to depend more heavily on tax specialists for the determination of their taxable income. The value of the study therefore lies in possible simplification of tax legislation, thereby making it more accessible to tax specialists and taxpayers alike. Issues such as double taxation, STC and administration, which affect the collection of taxation on foreign dividends, are addressed.

**Mnr Robert de Jongh** het 'n kritiese evaluasie van die verblyfbeginsel as belastingbasis in Suid-Afrika gedoen. Dit het daartoe gelei dat hy in April 2003 die graad MRék (Belasting) verwerf het.

Tot aan die einde van 2000 is die bron- en geagte bronstelsel in Suid-Afrika toegepas. In die begrotingsrede op 23 Februarie 2000 het die Minister van Finansies aangekondig dat die verblyfbeginsel die bron- en geagte bronstelsel met ingang 1 Januarie 2001 sou vervang.

Die vraag word gevra of die implementering van die verblyfbeginsel as belastingbasis wel sinvol was. Die vraag is beantwoord met die kritiese evaluering van die verblyfbeginsel as belastingbasis in Suid-Afrika aan die hand van regverdigheid en doeltreffendheid.

Regverdigheid is beoordeel aan die hand van die voordeelbeginsel en die vermoë-om-te-betaalbeginsel.

Beoordeling van die doeltreffendheid van die verblyfbeginsel as belastingbasis het aan die hand van nege gedefinieerde kriteria plaasgevind.

Die gevolgtrekking is gemaak dat die verblyfbeginsel regverdig is met betrekking tot sowel inwoners as nie-inwoners. Verder is gevind dat die verblyfbeginsel wel doeltreffend is. Sekere aspekte moet egter aangespreek word om die doeltreffendheid van die stelsel te verbeter.

In die geheel is bevind dat die implementering van die verblyfbeginsel as belastingbasis wel sinvol is.



**Me Wilna Steyn** het twee artikels in die *South African Journal of Business Management* gepubliseer, met Willie Hamman en Eon Smit as mede-skrywers. Beide handel oor die ondersoek na genoteerde maatskappye waarvan die kontantvloei wat deur bedryfsaktiwiteite gegeneer word, onvoldoende is om die maatskappye se dag-tot-dag-aktiwiteite te finansier. Sy het ook 'n referaat oor kontantvloeitendense in Suid-Afrika by die Suid-Afrikaanse Rekeningkundige Vereniging se tweejaarlikse internasionale kongres gelewer. Gedurende die afgelope jaar het die fokus van haar navorsing geval op die bron van kontantvloei-inligting vir die eksterne gebruiker. Sy het die kontantvloei-openbaarmaking in die 2001-finansiële state van 287 genoteerde maatskappye bestudeer. Dit het in 2003 gelei tot 'n referaat oor die voorlopige bevindings by die kongres van die South African Finance Association en 'n artikel, geskryf saam met Pieter von Wielligh, is in Mei in *Accountancy SA* gepubliseer.

Kommer het ontstaan dat sommige genoteerde maatskappye nie die vereistes van RE 118, "Kontantvloeistate", getrou toepas nie. Boonop is gevind dat die definisie van kontant en kontant-

ekwivalente, asook dié van bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite, in sommige gevalle ontoereikend is. 'n Verdere komplikasie is dat RE 118 sekere alternatiewe toelaat, wat veroorsaak dat die allokasie tussen die verskillende aktiwiteite nie konsekwent deur maatskappye gedoen word nie. Dit veroorsaak dat die kontantvloeistate nie so vergelykbaar en betroubaar is soos wat die algemene verwagting is nie.

Die vraag ontstaan of die opstellers van kontantvloeistate onkundig is oor al die bepalinge en openbaarmakingsvereistes van RE 118 en of daar bloot nie genoeg tyd aan die opstel van die kontantvloeistate afgestaan word nie. 'n Verdere reeks van drie artikels (met Willie Hamman en Heidi Smith as mede-skrywers) oor die foute wat in spesifieke genoteerde maatskappye se kontantvloeistate aangetref is, is in Junie 2003 aanvaar vir publikasie later gedurende die jaar in *Accountancy SA*.

Tans werk sy aan 'n verbeterde formaat vir die kontantvloeistate. Met die ontwikkelinge in die sakewêreld en dus ook rekeningkunde as die kommunikasiemiddel, het finansiële state al meer eksklusief 'n spesialisinstrument geword. Die nuwe formaat behoort nie alleen die tekortkominge in RE 118 aan te spreek nie, maar sal verhoogde nut vir die finansiële analisê, terwyl die aard daarvan dit meer verstaanbaar vir die nie-spesialis behoort te maak.



Because I want  
my qualifications  
to take me places.

If you are a graduate keen to develop your career in accountancy, the ACCA qualification will open doors across the world. And after you've qualified, our ongoing development programme will help to keep your skills up to speed as you work your way up in your chosen field.

To find out more about what ACCA could do for your career visit [www.accaglobal.com](http://www.accaglobal.com) or contact us on  
tel: +27 (0)11 537 1760  
fax: +27 (0)11 537 1761  
e-mail: [info@za.accaglobal.com](mailto:info@za.accaglobal.com)

ACCA

**Qualified for life**